
MyStories
jou eie avontuur

# DANIELA
## Se Wildtuin Avontuur



# DANIELA

## Se Wildtuin Avontuur

Geskryf deur Mariana van der Merwe
Illustrasies deur Ronel Watkins
Uitleg deur Cené de Wit

MyStories
jou eie avontuur

www.mystories.co.za

**Produk van Suid Afrika** © Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag op enige manier gereproduseer word sonder die skriftelike toestemming van die kopiereghouers nie.

MS3491-01



Vroegoggend, toe die eerste voëltjies hoog bo in die bome begin fluit, sit Daniela kiertsregop in die tent met haar pen en afmerklysie. Die enigste diertjie wat sy nog moet sien en afmerk, is ’n nagapie!



As haar lysie volledig is, wen sy die veldwagters se kampkompetisie, en daarmee saam ’n hele sak malvalekkers.

Daniela is lief vir diere en om ’n nagapie te sien is haar grootste wens.



“Ek gaan daardie nagapie soek tot ek hom kry!” sê sy.




Uiteindelik vertrek Daniela saam op die veldwagter se wildsrit Land Rover. Hulle stop vir ontbyt langs 'n mooi rivier.

Iewers agter 'n bos hoor Daniela,

**"HIK-SNIK-SNIK-SNIK."**

Dalk is dit 'n nagapie, dink sy.

Daniela sluip nader en loer om die bos. Wat sien sy daar?

'n Baie hartseer seekoeikalfie.
Groot ronde trane rol oor seekoei se wange.
"Wat is fout klein seekoei?" wil Daniela weet.

# "O GONNA,"

sê Daniela.



Klein Seekoei antwoord snik-snik: "Ons het wegkruipertjie gespeel
en ek het oral gesoek, maar ek kry my maatjies nêrens nie.
Nou kry ek ook nie die pad terug na my mamma nie.
Ek wil my mamma hê!"

Sy tel haar verkyker op en kyk uit oor die rivier.


Links, regs, op, af,



maar al wat sy sien is klippe en rotse.



Wag… daar beweeg ‘n rots se ore!



**“AHA!”**


juig Daniela opgewonde.

“Jou mamma dryf daar oorkant op die water!” Klein Seekoei laat spaander na haar mamma toe dat die water spat.

“Weet jy dalk waar ek ’n nagapie kan sien?” roep Daniela agterna. “Dit weet ek nie,” roep klein Seekoei vrolik terug, “maar ek weet wel hulle slaap bedags in boomtoppe.”

“Goeiste,” sê Daniela, “dit gaan sukkel.”

**“Foeit-tjirp-twiet,”** fluit ’n voëltjie.



Daniela kyk rond
op soek na die
hoogste boom.

Op en op en op

klouter sy na bo.

Skielik hoor sy:



# "UGH, AAI, SJOE!"

Daniela frons en loer tussen die takke deur.

Watse kolle sien sy daar wat rek en strek
op soek na 'n sappige blaar?



Dit is 'n honger kameelperd!

"Waarom kreun en steun jy so, Kameelperd?" vra Daniela.

"Ek probeer daardie sappige, soet blaartjies bykom, maar my

**LAAAAAAANG**


nek is te kort!" kla die kameelperd.



Daniela klim nog hoër en pluk vir die Kameelperd 'n takkie vol heerlike soet blare af. Die kameelperd eet dit dadelik op.

"Weet jy dalk waar ek 'n nagapie kan kry, Kameelperd?" vra sy. "Dit weet ek nie," sê Kameelperd tevrede, "maar ek weet hulle eet graag miertjies."

**"Foeit-tjirp-twiet,"** fluit 'n voëltjie.



“Die dag is al amper verby,” dink Daniela
terwyl die son op die horison begin sak.

En ek wil so bitter graag ’n nagapie sien.
Sy stap na ‘n groot miershoop. Wat hoor sy daar?

**“MMM... UHM... MMM...”.**


Wat kan dit wees?

Op haar tone loop sy nader en loer om die miershoop.


En daar staan 'n moedelose grys erdvark.

"Waarom brom jy so,  Erdvark?" vra Daniela verbaas.
Dit lyk of Erdvark iets probeer sê, maar al wat Daniela hoor is,
**"Mmm... uhm... mmm."**

Wat gaan aan? Daniela kyk mooi. "Jou tong sit vas, Erdvark!"
roep sy. "Jy het jou tong te diep in die miershoop gedruk!"



Daniela grou die gaatjie effens groter oop met haar vinger.




# 'WOEPS'

trek Erdvark sy tong uit en lek 'n paar miere op.

"Weet jy dalk waar ek 'n nagapie kan sien?" vra sy hoopvol.

Maar Erdvark skud sy kop en sê: "Dit weet ek nie, maar ek weet hulle
hop-hop-hop saans tussen die takke rond."

**"Foeit-tjirp-twiet,"** fluit 'n voëltjie weer.



Op pad terug na haar tent toe, kyk Daniela na die boomtakke, maar sy sien geen teken van ’n nagapie nie. Selfs die voëltjies is nou almal stil.

**Die dag is so te sê verby en sy het geen nagapie gesien nie.**

Teleurgesteld, gaan sit Daniela in die tent.

Sy kan die nagapie nie op haar lysie afmerk nie. “Gebraaide malvalekkers sou darem nou lekker gesmaak het,” sê sy.

Skielik ruk die takke bo die tent wild heen en weer:

**RA-TA-TA-TA!**

Sy raap haar flits op, kruip by die tent uit en skyn met die flitslig op die boom se takke



**“DANIELA...”**

Hoor sy ’n fyn stemmetjie roep?

En wat sien sy daar?



# HOP-HOP-HOP
# EEN, TWEE, DRIE

klein nagapies bymekaar!

Die een na die ander sê die nagapies hardop,



"Ek is 'n vrolike nagapie en ek het gehoor dat klein Seekoei weer veilig by haar mamma is."



"Ek is 'n tevrede nagapie en ek het gehoor dat Kameelperd die sappigste blare bygekom het."



"Ek is 'n dankbare nagapie en ek het gehoor dat Erdvark uiteindelik sy tong losgekry het."

En toe sing hulle saam:

"Ons het drie voëltjies hoor fluit jy is 'n hulpvaardige dogtertjie wat baie van malvalekkers hou!"

Daniela glimlag van oor tot oor.

Sy het haar nagapie gesien. Nee! Dit is nie waar nie! Sy het drie nagapies gesien. Is dit nie wonderlik nie?

‘n Rukkie later, met ‘n groot, sagte, geroosterde malvalekker wat in haar mond wegsmelt, skyn Daniela met haar flits op in die boom en sê: “Nag, nagapies!”

Al wat sy hoor is ’n sagte

**FOEIT-TJIRP-TWIET**



en hoog bo in die boom sien sy die blink ogies van die nagapies en voëltjies wat suutjies vir mekaar knipoog.

MyStories
jou eie avontuur

**Vroegoggend toe die eerste voëltjies hoog bo in die bome begin fluit, sit Daniela kiertsregop in die tent.**

Die enigste diertjie wat sy nog moet sien voor die einde van die dag, is ‘n nagapie. Daniela se soektog neem haar op ‘n heerlike wildsavontuur. Haar goeie dade gaan nie ongesiens verby nie, maar toe sy haar oë uitvee, is die dag amper verby sonder ‘n nagapie in sig.

**Sal Daniela so gelukkig wees om ‘n nagapie betyds te vind?**

**www.mystories.co.za**



MS3491-01